

Die basiese behoeftes van buffels:



Water, kos en voldoende ventilasie

Sosiale kontak met ander buffels, maar met voldoende spasie om in te staan, vrylik te loop, te lê, te strek en hulself te “groom”, spasie om die hierargiese orde in uit te leef, voldoende spasie vir ondergeskikte diere om van aggressors te ontlug, maar steeds hulle lewensbehoefte te vervul.

Beskerming teen siektes, roofdiere en omgewings faktore en ekstreme temperatuur.

Water

Buffels drink tussen 20 – 30 % meer water as beeste in dieselfde klimaats toestande en kan nie oorleef om langer as 12 ure sonder water te wees nie.

Wanneer hulle weer toegang tot water het oorsuipe hulself en sal vrek. Gedehidreerde diere moet stadig weer water kry in klein gekontroleerde porsies.

Buffels kry maklik hittestress en daar moet verkieslik met hulle gewerk word in die koel tye van die dag. As daar wel met buffels gewerk word in die hitte van die dag kan hulle natgespuit word om die stressors te verlig.

Liggaams Massa (kg)	Gem Water Inname (l/dag)
50	6 – 7
70	7 – 9
90	10 – 11
120	14 – 16
150	18 – 20
190	20 – 25
350	25 – 35
450	35 – 45
540 – 730 (droe koeie)	20 – 40
540 – 730 (lakterende koeie)	45 – 110

Werklike innames wissel baie na aanleiding van klimaat en die voginhoud van die voer.

Water Kwaliteit – Water kwaliteit moet in ag geneem word met die balansering van voer – hoofsaaklik om seker te maak dat die totale sout inname nie te hoog raak nie.

TDS Vlakke vir Beeste en Buffels moet nie hoer as 9000mg/l wees nie alhoewel hulle wel 10000mg/l kan hanteer vir kort periods, mits die volgende minerale inhoud binne die norme is:

Mg	400 mg/l
S	1000 mg/l
Nitraat	100 mg/l

Nitraat kan na Nitriet omgeskakel word voor of na inname of vertering wat die Nitriet vlakke na toksiese vlakke toe kan opstoot.

Nitriet	10 mg/l
Fluoried	2 mg/l
Natrium Bikarbonaat	1000 mg/l

Ventilasie

Buffels moet nie blootgestel word aan lug wat met chemiese stowwe besoedel is nie. Stof in kampe of bomas, behoort beheer te word deur sprinkel besproeiing.

Buffels kan maklik siek word in koue nat omstandighede veral wanneer hulle reeds ander stressors ook ondervind.

Voer

Buffels moet voorsien word van voer wat goed gebalanseerd en gesond (vry van mikotoksiene en ander metaboliese steurnisse) is en mag nie sonder voer wees vir langer as 24 uur nie. Diere in swak liggaams kondisie kan selfs nie 12 ure lank sonder voer oorleef nie. Voer moet geformuleer word om die behoeftes vir onderhoud, groei, dragtigheid en laktasie te voorsien – afhangende van die produksie status van elke groep diere. Daar moet ook

voorsiening gemaak word vir addisionele behoeftes soos loop afstand, aktiwiteit en koue stress.

ALZU GP wilds pille kan suksesvol gebruik word as 'n byvoeding vir buffels op natuurlike weiding en voorsien aan al die bogenoemde behoeftes van buffels.

Droë Materiaal inname is ongeveer 2.5% van liggaamsmassa per dag maksimum – benodigde nutriente vir alle produksie ladings moet dus in hierdie hoeveelheid ingepas word. Onderhouds behoefte aan energie alleen is 6.3MJNE/dag

Die voer patroon van buffels verskil van beeste deur dat hulle meeste van hulle voer in een area vreet en dan na die volgende beweeg. Buffels het minder toleransie vir gifplante en siektes as beeste. Buffels is onderhewig aan 'n baie sterker hiërargiese sisteem as beeste en daarom sal die normale skaam vreters nog moeiliker na die bakke kom en moet dus seker gemaak word dat elke dier in 'n groep wel elke dag sy kwota voer inneem.

Let asb dat nutriente behoeftes vir buffels nie van beeste geëstrapoleer kan word nie aangesien die proteïene, en vesel behoefte hoër is en energie baie laer is as beeste. Buffels kan baie effektief energie uit gras verkry tot 17% hoër as beeste en is geneig om agv daarvan vrugbaarheid in te boet aangesien die energie : proteïene balans 'n pH verlaging in hulle bloed veroorsaak. Sien onderstaande tabelle vir die onderskeie balanse. Dit word gedikteer deur die produksie status van die diere wat hulle behoeftes op verskillende tye van die jaar beïnvloed. Dit is noodsaaklik dat hierdie behoeftes sover prakties uitvoerbaar, in ag geneem moet word in die bepaling van die ideale formule.

Ander aanvullings wat voordelig vir Buffels spesifiek is veral waar van aanvullende voeding gebruik gemaak moet word is hoofsaaklik organiese vorms van Zn, Se en Cu – minstens 'n vervanging van 20% van die aanbeveling. Dit is die minerale wat hoofsaaklik 'n rol speel in vrugbaarheid, slymvlies onderhoud, been en epiteel vorming (kerateen). Dus speel dit 'n kardinale rol in bekleding sowel as horinggroei. **ALZU GP Super** is spesifiek geformuleer om aan al die ekstra behoeftes soos horing groei en sterk been groei te voldoen en al die belangrike minerale aan die buffels te verskaf.

Twee vitamien wat ook rolspelers is in bogenoemde prosesse en dus verbetering in velkleed, horing, hoefgroei en vrugbaarheid teweegbring is Biotien en Vitamien A. Vitamien A kan ongelukkig beswaarlik in voer voorsien word aangesien dit vinnig verslaan met blootstelling

aan omgewings elemente. Daar word aanbeveel dat die voorloper daarvan ingesluit word, dit is huidig in eksperimentele fase.

Proteien word vanaf Soya en Sonneblom in 'n mengsel verkry in plaas van Katoen. Katoen se nadeel is die voorkoms van Gossypol in variërende vlakke wat maklik toksies kan wees vir die diere. 'n Verdere voordeel van die mengsel is dat spesifieke fokus geplaas word op die aminosuur samestelling om die boustene vir horing groei te bevoordeel.

Insluiting van ureum verhoog die affiniteit vir gras inname deurdat die rumen mikrobe groei gestimuleer word. Om die proses goed te laat werk is dit egter noodsaaklik dat die ander komponente wat bakterieë benodig ook in die regte verhouding op die regte oomblik beskikbaar is in die voer.

Dit moet egter onthou word dat al hierdie prosesse oor 'n lang termyn plaasvind en dat resultate slegs waargeneem kan word met langtermyn monitering.

Voerbak Spasie (Dit kan wissel en horing groottes moet in ag geneem word.)

Vir 1X per dag voedings

Jaar oud 200 – 300 mm/kop

15 – 24 maande oud 300 – 380 mm/kop

Bulletjies 380 – 460 mm/kop

Vir 3-4 X per dag voedings

Jong diere 150 – 180 mm/kop

Bulletjies 180 – 300 mm/kop

Self Voerders 75 – 100 mm/kop

Kamp Spasie 15 m²/kop

Dit is 'n goeie idée om bo-op hierdie syfers 'n 10% spasie toe te laat om bakleiery tot 'n minimum te beperk.

Daar moet spesiale aandag aan die lakterende koeie se voeding gegee word. 'n Probleem by die voeding hier sal lei tot 'n verlaging in melkproduksie en verhoging in die kalf mortaliteite, aangesien hulle meer afhanklik is van melk as beeskalwers van dieselfde ouderdom.

Voedings behoeftes vir diere op onderhoudsvlak bv droë leë koeie en bulle uit teelseisoen

(Formule M)

Lewende Massa (kg)	100	200	300	400	500	600
Totale Energie Behoefte (MJNE/dag)	14.2	23	31.7	39.4	46.5	53.3
Energie in Rantsoen	Kg DM daaglik benodig					
6.3	2.3	3.67	5.05	6.27	7.4	8.49
8.4	1.7	2.75	3.79	4.7	5.58	6.37
10.5	1.36	2.2	3.03	4.45	4.45	5.1
12.6	1.13	1.83	2.53	3.14	3.71	4.25

Voedings behoeftes van diere op onderhoudsvlak plus lae vlak produksie bv: Verse, Droë vol koeie, bulle en bulletjies wat 600g/dag moet groei

(Formule M+)

Lewende Massa (kg)	100	200	300	400	500	600
Totale Energie Behoefte (MJNE/dag)	18.5	31.6	44	54	64	73
Energie in Rantsoen	Kg DM daaglik benodig					
6.3	3	5	6.9	8.6	10.15	11.6
8.4	2.25	3.8	5.2	6.4	7.6	8.7
10.5	1.8	3	4.3	5.15	6.1	7
12.6	1.5	2.5	3.5	4.3	5.1	5.8

Probleme met voer inname en nutrient behoefte kan gemonitor word deur gereelde kontrole te doen of groeiende diere wel aan doelwitte voldoen :

Ouderdom teen tande en horing groei

Verskyning van :

Verskyning Van :	Ouderdom	Lewende Massa
1 ste paar wisseltande	0 – 7 Dae	35 – 40 kg
2 de paar wisseltande	14 Dae	40 – 50 kg

3 de paar wissel tande	30 Dae	50 – 60 kg
4 de paar wisseltande	4 – 5 Maande	80 – 95 kg
Volbek verslete wisseltande	9 – 10 Maande	140 – 165 kg
1 ste paar permanente tande	30 – 36 Maande	330 – 360 kg

Voedings behoeftes van dragtige koeie een maand voor geboorte, kalf kruip voeding

(Formule M+)

Lewende Massa (kg)	300	400	500	600
Totale Energie Behoeftes (MJNE/dag)	45	54	64	75

Voedings behoeftes van Lakterende Koeie (kg DM/dag)

Lewende Massa (kg)	300	400	500	600
Totale Energie Behoeftes (MJNE/dag)	55	64	74	85

Table 1 :MINERAL REQUIREMENTS, For wildlife (Spesfeed article)

Mineral	Spesfeed article
Phosphorous, P (min)	6 g/kg
Calcium, Ca (max)	12 g/kg
Sulphur, S (min)	2.5 g/kg
Fluorine, F (max)	0.04 g/kg
Sodium, Na (min)	1.2 g/kg
Magnesium, Mg	No value given
Potassium, K	No value given
Cobalt, Co (min)	0.15 mg/kg
Manganese, Mn	60 mg/kg
Zinc, Zn (min)	60 mg/kg
Iodine, I (min)	0.75 mg/kg
Copper, Cu (min)	5 mg/kg
Selenium, Se (min)	0.15 mg/kg
Iron, Fe (min)	50 mg/kg

Table 2: Mineral Requirements and Maximum Tolerable Concentrations (NRC Beef cattle 2000)

Mineral	Unit	Requirement			Maximum Tolerable Concentration
		Growing and Finishing Cattle	Cows		
			Gestating	Early Lactation	
Calcium	g/kg		17-153	NRC 1984	
Chlorine	g/kg	—	—	—	
Chromium	mg/kg	—	—	1,000.00	

Cobalt	mg/kg	0.10	0.10	0.10	10.00
Copper	mg/kg	10.00	10.00	10.00	100.00
Iodine	mg/kg	0.50	0.50	0.50	50.00
Iron	mg/kg	50.00	50.00	50.00	1,000.00
Magnesium	g/kg	1	1.2	2.0	4.0
Manganese	mg/kg	20.00	40.00	40.00	1,000.00
Molybdenum	mg/kg	—	—	—	5.00
Nickel	mg/kg	—	—	—	50.00
Phosphorus	g/kg	17-59 NRC 1984			
Potassium	g/kg	6	6	7	30
Selenium	mg/kg	0.10	0.10	0.10	2.00
Sodium	g/kg	0.6–0.8	0.6–0.8	1.0	—
Sulfur	g/kg	1.5	1.5	1.5	4.0
Zinc	mg/kg	30.00	30.00	30.00	500.00

Colleen Engelbrecht
SPESFEED
082 5566387



Colleen Engelbrecht

ALZU
VOERRE/FEEDS

Tel : 013-249 8900
meule2@alzu.co.za / www.alzu.co.za

